# BOEKBESPREKINGS

DR. F. L. BAKKER en DR. J. H. BAVINCK, *Geschiedenis der Godsopenbaring, Handboek voor de kennis van de Bijbelse Geschiedenis*, I, Het Oude Testament, door F. L. Bakker, derde, herziene druk, J. H. Kok N.V., Kampen, 1955, 495 pp., fl.12.25.

Die ondertitel gee die inhoud beter weer as die hooftitel; 'n mens moet hier geen teologiese verhandeling oor die verhouding van Openbaring en geskiedenis verwag nie, maar 'n eenvoudige weergawe van die Bybelse geskiedenis, soos dit in die historiese en profetiese geskrifte van die O.T. gevind word. Die boek veronderstel lesers en gebruikers, wat geen Hebreeus of ander tale van die Nabye Ooste ken nie, en sal in die besonder by die voorbereiding vir die Sondagskool en die Bybelonderrig op die hoërskool goeie dienste kan bewys.

By 'n volgende druk sal die skrywer, wat vry dikwels ou Oosterse bronne siteer, daaraan goed doen, sy mededelings deur 'n geskoolde Semietis te laat kontroleer. Nou is daar kleine onjuishede in spelling en woordverklaring, wat aan die waarde van die boek min afbreuk doen, maar tog ontsierend werk. So bv. waar die skrywer handel oor die herkoms van die woord gerub of oor die betekenis van die tempelnaam Esagila, of waar hy in die inskripsie van Merenptah die Filistyne vermeld vind. Ook toon die Egiptiese tekening wat op p. 152 weergegee is, nie „het balsemen" nie, maar die vervaardiging van 'n antropomorfe doodkis.

---

[42]) Kyk Publikasiereeks: *Universiteit van Pretoria.*

Die gees, waarin die Bybelse geskiedenis hier benader word, is die van eerbied vir en vertroue in die skriftelike optekening; ter verklaring van klaarblyklike teenstyrdighede neem die skrywer nogal dikwels sy toevlug tot die veronderstelling van skryffoute by die later afskrywers van die handskrifte. In sake van chronologie en datering van Bybelgedeeltes laat hy hom lei deur die Gereformeerde Oudtestamentici van die vorige generasie. Vandaar dat die uittog uit Egipte hier nog in die vyftiende eeu gestel word, terwyl ons argeologiese materiaal nou tog wel onweerspreeklik na die dertiende eeu wys. Gelukkig het die skrywer op p. 161 die moontlikheid van 'n ander datering as syne oopgelaat. Dis 'n voorbeeld van 'n wyse terughouding, wat hom ook in ander vraagstukke daarvan weerhou om voortydige oplossings te forseer.

A. VAN SELMS.